

27 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Petrus 3:1-17
HK, Vraag 58

Die voltooiing van alles wanneer ons die ewige lewe betree

Die finale bestemming van die mens is om vir ewig saam met Christus te wees. U kan vra: "Wat weet ons tog van dit wat na die dood kom? Niks." Ja, maar die Skrif sê: "Wees opgewonde!" Wie aan 'n ewige lewe glo, beleef nou al die krag van Christus se opstanding en begin nou al die ewige vreugde in sy hart ervaar. Wanneer ek na ons gebroke wêreld kyk, my eie sondes en foute raaksien, weet ek dit is nie die finale sê oor my nie. As gelowige is ek nog vir baie beter dinge bestem. Wanneer die gelowige sy oë rig op die vaste beloftes van God se seën wat ons eendag gaan ontvang, kan ons nie meer toelaat dat ons so maklik ontwrig word deur dwalinge en geskok en verslae oor die lewe staan nie. Christus is klaar helend en reddend by dié lewe verby. Hy het die verskrikking van die dood getem en Hy vat ons deur na die ewigheid. Ons geloof is die band wat ons aan die ewigheid anker. Natuurlik sal ons wonder of ons mekaar daar sal herken. Ons weet nie. Ons weet wel dat niks ons daar as volmaakte nuwe mense sal ontbreek nie. Ons gaan skoonheid en vreugde beleef wat ons hier met geeneen van ons sinuie kon opvang nie. Oor die detail bekommer ek my nie. Jesus Christus het my gered en ek glo Hy sal my ook veilig huisves.

Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)

~~~~~